KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 50 Nr 26 10 Augustus 2025

# GOD SE GEREGTIGHEID

In die bergpredikasie, sê Jesus: "*Gelukkig is die wat dors na geregtigheid*" Matt 5:6. Hy dra ons ook op, in Matt 6:33, om eers die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek. Wat beteken God se geregtigheid?

Geregtigheid gaan oor verhoudings tussen mense maar meer belangrik oor die verhouding tussen God en die mens. God se geregtigheid is een van sy wesens-eienskappe wat Sy verhouding met ons beheers.

Hierdie eienskap behels dat Hy volmaak regverdig en billik is en altyd so teenoor ons optree. Hy lê reëls neer vir die mens en ongehoorsaamheid daaraan straf Hy met die dood (Gen 2:16–17). Elkeen van ons moet elke dag die erns van ons daaglikse ongehoorsaamheid besef – ons is almal skuldig tot die dood. Lees maar weer Rom 3:10–20.

God se geregtigheid sluit genadiglik ook in dat hy deur Jesus Christus ons sondes volkome vergewe. In 1 Johannes 1: 8 – 9 lees ons dat as ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie, maar as ons ons sonde bely – Jesus Christus is getrou en regverdig, Hy vergewe ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid (1 Joh 1).

Die sleutel tot hierdie vergifnis en die ware en ewige lewe lê in geloof in Christus. In Rom 1:17 sê die Heilige Gees deur Paulus dat elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo sal lewe. Die geregtigheid wat ek, sondige mens, nodig het, lê in die Evangelie van Christus. Christus is sentraal in God se geregtigheid – nie die wet, goeie werke of enige iets anders nie.

Wat ons benodig is ware geloof wat sigbaar moet word in ons daaglikse lewenswyse. In Jak 2:14 ev word ons aangemoedig om ons geloof uit ons dade te wys.

Ons jubel ook, Jak 1:4 ev, in God se geregtigheid wat Hy in Christus aan ons geopenbaar het.

Oudl. Koos Pretorius

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 16, Ps 105:5 Volgende week: Les 17, Ps 105:5

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Emeritaatsversorging** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Ekspando** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10-Aug | Cecile | Bornman | E01 | 0732972017 |
| | Lennard | de Souza | A08 | 0718525035 |
| 11-Aug | Gerrit | Kamper | B10 | 0731715630 |
| | Hannes | Rademan | A05 | 664 2585 |
| | Jani | Rex | A15 | 0761643198 |
| 13-Aug | Werner | Pretorius | B02 | 0827758932 |
| | Thea | Westervelt | C09 | 0824512007 |
| 14-Aug | Carike | Basson | B09 | 0827718119 |
| 15-Aug | Petro | Oosthuizen | A16 | 0824034053 |
| | Leon | Venter | C01 | 0824557149 |
| 16-Aug | Schalk | Bessinger | B09 | 0661821470 |
| | Esther | Ferreira | C12 | 0724476716 |
| | Antoinette | Jv Vuuren | C13 | 0825691882 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11-Aug | Lydia | Roos | A15 | 0609970094 |
| 12-Aug | Amelia | Silvis | A05 | 0824663651 |
| 13-Aug | Olivia | Kotzé | A01 | 0721579917 |
| 14-Aug | Daron | vd Sandt | A02 | 0745849413 |
| | Emily | van Wyk | A01 | 0833163781 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Gerrie Smit sterk aan in Unitas hospitaal ( C3 - 082 316 5968).
- Elna de Bruin sterk aan na 'n knie operasie (A2 – 083 664 2050).
- **Meelewing** word betuig met
  - Thinus de Klerk en familie na die afsterwe en troosdiens van sy vrou René.
  - Elane Pienaar wie se ouers gedurende die week in 'n motorongeluk betrokke was, haar vader sterk nog aan in die hospitaal.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***



## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Scripture: Luke 4:14-32;

Isa 61:1-3; Isa 66:2

Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Emmertjies **Wateroplosbare kunsmis** 750gr @ R100 nou beskikbaar. WApp Susan 072 124 1076 Monumentsig Aftree-oord en reël vir afhaal.

**PF Wolmarans Prokureurs** - Opstel van testamente, boedel-beredderring, registrasie van huis-oordragte. Dit is die verkoper se prerogatief om die prokureur aan te stel. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

## Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk

Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk

Droëwors 400g @ R100

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219

## J a g - v i r - j o u - K e r k



**Die jagseisoen is oop!!**


Ondersteun die Diakonie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219







**Prys: R70**




**Prys: R82**




**Prys: R60**

**Bestel by: Administratiewe Buro**
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
**(verpakking en koerierkoste uitgesluit)**




## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**10 Aug**

Annelette Gentle (sameroeper)

Graad 9

**17 Aug**

Lucille Kotze (sameroeper)

Graad 10

## Wyse Gryses



Kom vier Vrouedag op 'n luisterryke en aangename manier

op Maandag **11 Augustus 2025**

om **10h00**

in die **kerksaal**

Anza is 'n sangeres wat ons gaan trakteer met 'n pragtige optrede! Kom geniet haar sang en daarna verkeer ons gesellig saam met 'n koppie tee of koffie.

*Almal is hartlik welkom!*

## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Oudl: Ernest Borman (Snr), Hennie vd Walt, Louis v Wyk

Diak: Johan Wiegand, Dirk Kozé, Morkel Johl









**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**






**Daar is van0goggend ‘n tafel onder die Olyfboom waar u vir die Jubelkamp kan registreer**

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Die jaar van genade en vryheid

**Skriflesing:**
Lukas 4:14-32;
Jesaja 61:1-3;
Jesaja 66:2 (1983)

**Teksvers:**
Lukas 4:18,19

**Sing:**
Ps. 73:1,11
Ps 51:1,8
Sb 11-3:1,3,5,6
Sb 3-3:1-4
Lied 203:1,2,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Maak gerus 'n tydjie om die twee teksverse van Jes 61 en Luk 4 se aanhaling daarvan met mekaar te vergelyk.

As Lukas die Here Jesus aan die Griekssprekendes (heidendom) bekendstel, gebruik hy hierdie spesifieke woorde wat nou in die koms van Jesus as die langverwagte Messias vervul is. Vir die Jode van sy tyd voldoen Hy nie aan hulle vereistes nie. So is die prediking van die Gekruisigde Jesus nie so baie aanvaarbaar vir die huidige wêreld met sy wellustige soeke na sukses nie.

Is hierdie Jesus vir jou genoeg?

## S O N D A G A A N D 18:00

## Sien jy dit: God se genade is oorvloedig

**Skriflesing:**
Ps 46; Jes 8; Esegiël 47;
Openb 22 (1983)

**Teksvers:**
Eseg 47:6

**Sing:**
Ps 145: 1,2,9,10,1
Ps 42:1,4
Sb 14:1,2
Sb 45:1,8,9,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

By die Nagmaal kon jy verlede week in verwondering wees oor die teenwoordigheid van Christus en die heerlike gemeenskap met Hom en al sy gawes. Ons teks vra ons eintlik of ons die tyd gemaak het om ons te verwonder oor sy genade.

Ons kan tog so besig raak met allerlei dinge, dat ons die wonderlike genade van God nie net miskyk nie maar dalk ook misloop. Die psalmdigter én die die profete roep ons eintlik tot stilstand, sodat ons die werklike waarde van die veelvuldige genade van God in ons lewens kan besef.

My vraag vandag aan u in die Naam van die Here is ook… sien jy dit mens, sien jy dit raak?